

AAN ALLE GEAFFEKTEERDE PERSONE

13de FEBRUARIE 2012

Geagte Meneer / Me.

HIGHVELD SYNDICATION 15 -22 BEPERK ("ALMAL ONDER ONDERNEMINGREDDING")

("DIE SINDIKASIEMAATSKAPPYE")

NUUSFLITS OOR DIE ONDERNEMINGREDDINGSPROSES DEUR DIE
ONDERNEMINGREDDINGSPRAKTISYN ("ORP")

1. Ondernemingreddingsverrigtinge ten opsigte van die sindikasiemaatskappye het in September 2011 begin.
2. Die ondernemingreddingsproses het uitloop op die publikasie van 'n ondernemingreddingsplan ("die plan"), soos omskryf kragtens die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) ("die Wet"), wat op 14 Desember 2011 met 'n oorweldigende meerderheid deur al die geaffekteerde partye aanvaar is. Die finale weergawe van die ondernemingreddingsplan kan via die volgende skakel op die webwerf www.pickvest.co.za gekry word:

<http://www.pickvest.co.za/LinkClick.aspx?fileticket=mjMipMwY4ro%3d&tabid=127>
3. Die finale geouditeerde stemresultate ten opsigte van die sindikasiemaatskappye en die kennisgewing wat daarna aan alle geaffekteerde persone gestuur is, kan ook op bogenoemde webwerf gevind word.
4. Die uitwerking van die plan se aanvaarding was dat die plan se bepalings kragtens die verordening finaal en bindend geword het, soos wat die Wet bepaal.
5. Die regte van alle partye wat uit die ondernemingreddingsplan voortspruit, word in die plan bepaal; alle geaffekteerde persone, hoofsaaklik alle beleggers, is nou onderhewig aan die bepalings van die aanvaarde plan.
6. Op die dag onmiddellik ná die plan se aanvaarding, naamlik 15 Desember 2011, het Orthotouch Beperk ("Orthotouch"), wat tot op daardie tydstip 'n rakmaatskappy was, 'n openbare maatskappy met bates, of met aanspraak op bates, van sowat R4.1 miljard geword.
7. Soos hierbo genoem, moes Orthotouch as 'n rakmaatskappy die inwerkingstelling van die plan en die vestiging van 'n infrastruktuur van stapel stuur, wat 'n menigte statutêre vereistes en administratiewe uitdagings insluit, waaronder die volgende tel:
 - 7.1. Die opening van bankrekenings en die nakoming van die nodige FICA-vereistes, nie net ten opsigte van Orthotouch nie, maar ook sy direkteure;
 - 7.2. Die BTW-registrasieproses;
 - 7.3. Die sluit van diensvlakooreenkomste tussen die maatskappy en sy direkteure;

- 7.4. Die opstel van prosedures wat verband hou met boekhouding en bestuur;
- 7.5. Die stigting van oudit-, risiko- en ander komitees;
- 7.6. Die migrasie van verhuringsdienste vanaf verskeie maatskappye en plekke in Suid-Afrika na één maatskappy, welke proses nog ver van klaar is;
- 7.7. Die vestiging van infrastruktuur en aansoek om telefoon- en datalyne by Telkom, welke proses nog nie voltooi is nie.
- 7.8. Die reël van 'n korporatiewe identiteit en 'n webwerf vir Orthotouch, welke proses nog nie voltooi is nie.
8. In die tydperk vanaf 15 Desember 2011 tot 15 Januarie 2012 was die opstel van bogenoemde en ander prosedures 'n groot uitdaging, weens die Desembervakansie wat in volle gang was. Baie van die rolspelers en diensverskaffers was eenvoudig nie beskikbaar nie, of kon nie in hierdie tyd diens lewer nie.
9. Die behoorlik aangestelde direkteure van Orthotouch was dus die afgelope drie tot vier weke eers in staat om:
- 9.1. aktief betrokke te raak by die opstel van die nodige infrastruktuur;
- 9.2. te reël vir die nakoming van verskeie statutêre vereistes;
- 9.3. te verseker dat die beheer van Orthotouch vanuit die staanspoor behoorlik gevestig word; en
- 9.4. maatreëls daar te stel om die plan in werking te stel.
10. Buiten die uitwerking van bogenoemde, het 'n skynbare gebrek aan kennis en begrip onder baie rolspelers oor die presiese wetlike impak van die plan se aanvaarding die direkteure verhoed om te vorder soos wat verwag is.
11. Banke en ander finansiële instellings het byvoorbeeld huiwerig voorgekom om hulle te verbind om 'n nuwe multimiljard-maatskappy van genoegsame bedryfskapitaal en die finansiële middele te voorsien wat nodig is om sy onmiddellike verpligtinge na te kom en om dit in staat te stel om sy bedrywighede tot voordeel van al sy belanghebbers aan te pak.
12. Dit het duidelik geword dat dit 'n oorgangsproses is, en dat onmiddellike sukses en resultate nie binne die bestek van 'n paar weke bereik kan word nie, veral nie onder die huidige omstandighede, slegs 8 weke ná die plan se aanvaardingsdatum (waarvan byna 4 weke deur die Desembervakansie in beslag geneem is) nie. Die druk op al die rolspelers om met belanghebbers, soos beleggers in die sindikasiemaatskappye, te kommunikeer was geweldig groot, maar onder die omstandighede – met die kwessies op die agenda wat onseker bly en met die situasie wat byna op 'n daaglikse grondslag verander – was sulke kommunikasie 'n groot uitdaging.
13. Beleggers en finansiële adviseurs wat namens beleggers optree, rig gereeld navrae.
14. Die volgende vrae wat heertyd opduik, word hier weergegee saam met die ORP se antwoorde:

14.1. Vraag

Hoekom is dit nodig om geld te leen om die maandelikse inkomste te betaal?

Reaksie:

Toe die ondernemingsreddingsverrigtinge begin het, het die ORP bepaal dat die betaling van rente op daardie tydstip, en vir baie maande voor dit, deur 'n derde party gesubsidieer is.

Die besluit wat die ORP moes neem was om voort te gaan met dié reëling dat befondsing verkry word om in die tussentyd rente te betaal, of om die verkryging van sodanige befondsing te staak.

'n Besluit is geneem om voort te gaan met die verkryging van hierdie befondsing, maar om terselfdertyd die moontlikheid te verken om die Orthotouch-aanbod, wat onttrek is toe die ondernemingsreddingsverrigtinge afgeskop het, te laat herleef en dit van nuuts af te onderhandel.

Die inligting wat die ORP ontvang het en sy eie navrae het aan die lig gebring dat baie van die eiendomme in die portefeuljes dringende onderhoud nodig het, en dat die koste verbonde aan die geboue se onderhoud 'n groot las op die inkomste plaas – in só 'n mate dat die huurinkomste onvoldoende is om die betaling van beleggers se rente te verseker.

Die voorstellings wat aan die ORP gedoen is, het voorgestel dat die “swak” eiendomme ná aanvaarding van die reddingsplan en die konsolidasie van die hele eiendomsportefeulje verkoop kan word, en dat die opbrengs gebruik sal kan word om in eiendomme van beter gehalte te belê.

Daar is ook aan die ORP voorgehou dat die verkryging van die nodige bykomende finansiering ná die plan se aanvaarding en inwerkingstelling Orthotouch in staat sal stel om die betaling van rente aan sy beleggers vol te hou; om die nodige onderhoud uit te voer om te verseker dat eiendomme wat dringende onderhoud nodig het, toeneem in waarde; om gevolglik beter langtermyn huurooreenkomste met ankerhuurders te sluit, wat op hul beurt inkomste en groei in eiendomswaardes sal verhoog.

14.2. Vraag:

Indien die 77 geboue nie genoeg inkomste oplewer nie en finansiering nodig is, betaal Orthotouch se Direksie nie bloot inkomste uit die beleggers se kapitaal nie, en wat gaan gebeur as daar oor vyf jaar nie genoeg kapitaal is om die beleggers terug te betaal nie?

Reaksie:

Hierdie vraag word gedeeltelik deur die verduideliking hierbo beantwoord.

Die ORP is in kennis gestel dat die huidige inkomste van die hele portefeulje nie genoeg is om beleggers te betaal én om die kostes en onderhoudverpligtinge na te kom nie.

Aangesien die ORP nie in beheer was van die entiteite wat 'n aansienlike gedeelte van die 77 geboue besit nie, kon hy nog nie die besonderhede hiervan bevestig nie.

Die ORP is in kennis gestel dat party van die 77 geboue dringende onderhoud benodig. Onderhoud sal die geboue se potensiaal verhoog om genoegsaam te groei en inkomste te verdien, wat sal verseker dat die portefeulje se groei oor die volgende vyf jaar Orthotouch in staat sal stel om die beleggers in Desember 2016 terug te betaal, soos wat die plan voorstel.

14.3. Vraag:

Die Orthotouch-sakeplan het geprojekteer dat daar genoeg inkomste sal wees om beleggers se inkomste aan hulle te betaal. Hoekom gebeur dit nie?

Reaksie:

Die projeksies was gegrond op die waarskynlike posisie nadat al die administratiewe kwessies afgehandel is; die beheermaatreëls ingestel is; Orthotouch gestabiliseer het en ten volle in bedryf is; die beoogde finansiering verkry is, en die onderhoud van eiendomme aangespreek is.

14.4. Vraag:

Aangesien die sindikasiemaatskappye die aandele in Orthotouch tans in pand hou, is hulle – in hul hoedanigheid as aandeelhouders – geregtig op maandstate, kontantvloei-state en inligting oor die huurooreenkomste en onderhoud van die geboue?

Reaksie:

Die sindikasiemaatskappye is nie Orthotouch se “aandeelhouders” nie. Die sindikasiemaatskappye hou bloot die aandele as sekuriteit vir Orthotouch se prestasie ingevolge die plan; eienaarskap van die aandele behoort steeds aan sy aandeelhouders, soos uiteengesit in die plan.

Die sindikasiemaatskappye – en die beleggers in die sindikasiemaatskappye op hul beurt – is nie outomaties geregtig op toegang tot Orthotouch se rekords omdat die sindikasiemaatskappye die aandele as sekuriteit hou nie.

Die beleggers se belangstelling in Orthotouch se sake word egter op prys gestel, en die nodige rapporteringstrukture sal daargestel word om te verseker dat beleggers gereeld op die hoogte gehou word van die stand van Orthotouch se sake.

Die panddokumentasie is gefinaliseer en onderteken, en word deur ’n prokureur in trust bewaar.

14.5. Vraag:

Gaan die ondersoek na die dispuut tussen Zephan en Bosman & Visser ten opsigte van die bedrae wat deur Bosman & Visser aan Zephan verskuldig is, en die “vermiste” R 883m voortgaan?

Reaksie:

Die plan wat aanvaar is, bepaal dat die sindikasiemaatskappye alle en enige eise aan Orthotouch sal seeder, afstaan, oordra en oormak. Dit sluit eise van watter aard ook al in, ongeag van die wyse waarop dit ontstaan het, wat enige van hulle teen enige entiteit in die Pickvest-groep maatskappye en/of die Zephan-groep maatskappye en/of enige van hul Direkteure, Bestuurders, Prokureurs en/of

Verteenwoordigers het wat verband hou of spruit uit enige ooreenkoms wat sodanige entiteite en/of persone moontlik met enige van die Sindikasiemaatskappye gehad het.

Die aanvaarding van die plan en die aanvaarding van die aanbod deur Orthotouch sal beskou word as 'n oormaking van enige sulke eise.

Gesien in die lig van die oorweldigende stem om die plan te aanvaar, sal die kwessie van die "vermiste" R 883m dus nie meer 'n eis wees wat die ORP kan opvolg nie, aangesien die sindikasiemaatskappye, wat deur die ORP verteenwoordig word, hierdie eise aan Orthotouch oorgemaak het.

Daar is steeds baie beleggers wat voortdurend korrespondensie aan die ORP rig om oor hierdie kwessies navraag te doen. Hierdie beleggers moet in gedagte hou dat sowat 99% van die beleggers wat gestem het (raadpleeg die stemresultate hierbo) ten gunste van die plan en die gevolge daarvan gestem het, wat onder meer die oormaking van die eise wat hierbo beskryf word, insluit.

Hoewel beleggers kan reken dat hulle eise teen Zephan Properties (Edms) Beperk en/of Bosman & Visser het, is die ORP van mening dat daar nie enige verband tussen die beleggers en hierdie maatskappye is nie, en dat beleggers gevolglik geen eis teen hierdie maatskappye kan hê nie.

14.6. Vraag:

Wie tree as verteenwoordiger van die beleggers se belange in Orthotouch se direksie op?

Reaksie:

Orthotouch is 'n regsentiteit met 'n verantwoordelikheid om sy verpligtinge jeens sy krediteure na te kom. Die beleggers is voorwaardelike krediteure wie se kapitaal in Desember 2016 aan hulle verskuldig is.

Die Orthotouch-aanbod wat aan die ORP voorgelê is, wat die grondslag vorm van die plan wat deur die ORP gepubliseer is, het bepaal dat die sindikasiemaatskappye twee persone as direkteure van Orthotouch kan aanstel sodra die plan aanvaar is.

Die Wet se bepaling is duidelik in soverre afdeling 140 bepaal dat die ORP volle beheer oor die sindikasiemaatskappye het, uit hoofde van die feit dat die maatskappye in ondernemingredding geplaas is weens die finansiële teenspoed wat die maatskappye ervaar het. Voortspruitend uit die magte van die ORP soos deur die Wet bepaal, is die ORP en prokureur Connie Myburgh as direkteure van Orthotouch aangestel.

Die idee dat 'n sekere party slegs sekere belanghebbers in 'n direksie verteenwoordig, en dat daardie party gevolglik 'n verslagdoeningsplig teenoor daardie belanghebbers het, is onhoudbaar en sonder weerga in die Wet.

Wanneer 'n maatskappy direkteure aanstel, is hulle aanspreeklik teenoor die maatskappy; die direkteure se optrede in belang van die maatskappy is outomaties in belang van die belanghebbers, wat sy voorwaardelike krediteure, synde die beleggers en uiteindelik sy aandeelhouers, insluit.

14.7. Vraag:

Wie skakel met die direkteure van die sindikasiemaatskappye ten einde hulle ingelig te hou, en wat is hul posisie?

Reaksie:

Soos wat die geval is met enige maatskappy se ondernemingreddingsverrigtinge, het die ORP volle beheer oor die bestuur van die sindikasiemaatskappye in sy hoedanigheid as die plaasvervanger van die direksie en voormalige bestuur; hy kan enige van sy magte of funksies deleger aan iemand wat deel was van die maatskappy se direksie of voormalige bestuur.

Die ORP sal met die direkteure van die sindikasiemaatskappye skakel om hulle en die beleggers ingelig te hou oor die verwickelinge wat verband hou met die plan se inwerkingstelling.

Die direkteure van die sindikasiemaatskappye sal aanbly in hul poste.

14.8. Vraag:

Het die direkteure van die sindikasiemaatskappye 'n plig om 'n "ogte te hou" oor die nuwe transaksie, die bestuur van die geboue en beleggers se belange?

Reaksie:

Die direkteure van die sindikasiemaatskappye is nie streng gesproke verplig om dit te doen nie, aangesien die ORP – as plaasvervanger vir die direksie en voormalige bestuur – volle bestuursbeheer oor die sindikasiemaatskappye uitoefen, maar die direkteure het aangedui dat hulle gewillig is om in hul ampte aan te bly en 'n ogte oor sake te hou.

14.9. Vraag:

Wanneer sal die beleggers in HFS 22 korrespondensie ontvang om die opsie om rente te ontvang uit te oefen, en met ingang van watter datum af sal sodanige inkomste betaal word?

Reaksie:

'n Skrywe aan alle beleggers in HFS 22 is omtrent 'n week gelede in ooreenstemming met die bepalinge van die plan opgestel, en word byna op dieselfde tydstip as hierdie skrywe aan al daardie beleggers gestuur.

Die dokument maak voorsiening vir opsies soos dit in die plan uiteengesit is, en enige HFS 22-beleggers wat nog nie die skrywe ontvang het nie, word versoek om dringend met hul makelaar in verbinding te tree, of om die Pickvest-inbelsentrum te skakel by: 0861 742 742 of 012 342 9061.

Die rente sal met ingang vanaf 15 Desember 2011 betaal word.

14.10. Vraag:

In HFS 21 – waar daar 'n oorvoltekening van sowat R130 miljoen was omdat party beleggers in HFS 21 belê het, maar nie aandele ontvang het nie – is daar enige bykomende eiendomme geormerk sodat Orthotouch die huidige waarde met R130m kan verhoog?

Reaksie:

HFS 21 is, net soos die ander sewe sindikasiemaatskappye, op die 7de September 2011 in ondernemingredding geplaas. Die ORP het die maatskappy se sake ondersoek, en het op die regs-kwessie aangaande die oorvoltekening van HFS 21 afgekom.

Die slotsom wat bereik is, is dat beleggers wat betalings aan HFS 21 gedoen het en deel was van die oorvoltekening daarvan, in dieselfde posisie as enige ander konkurrente (onversekerde) krediteur van HFS 21 sou wees indien HFS 21 gelikwedeer sou word.

Ongeag of daar 'n aandelesertifikaat aan 'n belegger uitgereik is of nie, dit verander nie die belegger se posisie as 'n krediteur nie. Die feit bly dat hulle HFS 21 se krediteure sal wees op grond daarvan dat hulle geld aan HFS 21 betaal het.

Soos wat die plan getoon het, het HFS 21 reuselaste gehad, maar geen bates nie – buiten 'n eis teen Bosman & Visser; HFS 21 was dus insolvent op die datum toe ondernemingsredding begin het.

Die ORP het geen keuse gehad nie. Hy moes die beleggers wat deel was van die oorvoltekening van HFS 21 hanteer, ongeag of hulle aandele ontvang het of nie. Daar is dus besluit dat hulle ook aan die plan onderhewig sal wees, en dat 'n billike manier om hulle te hanteer die volgende sal wees: om vir hulle ook aandele aan te bied (wat beskikbaar geraak het) en om hulle in presies dieselfde posisie as ander aandeelhouders te plaas, en om daarby die reëling vol te hou dat hulle 'n hoër rentekoers ontvang.

Daar is dus geen benadeling van die algemene groep beleggers in HFS 21 nie, aangesien hierdie maatskappy in elk geval geen onroerende eiendom besit het op die datum toe die ondernemingreddingsproses begin het nie.

Al die krediteure (die beleggers) – ongeag of daar aandele uitgereik is aan hierdie beleggers of nie, en ongeag of hierdie beleggers eise het as gevolg van 'n belegging of oorvoltekening of nie – sal as gevolg van die plan se aanvaarding nou volgens die plan se bepaling hanteer word.

14.11. Vraag:

Watter sekuriteit is daar vir dié beleggers wat deel was van die oorvoltekening van HFS 21?

Reaksie:

Die antwoord op hierdie vraag lê deels in die antwoord op die vraag hierbo. Die uitwerking van die plan se aanvaarding is dat al die beleggers in al die sindikasiemaatskappye op 'n gelyke voet deel in die finale betaling wat ingevolge die plan en die Orthotouch-ooreenkoms waarop dit rus, in die vooruitsig gestel word.

Die oorvoltekende beleggers is, soos wat die plan uitstip, aansienlik beter daaraan toe ná die plan se aanvaarding, in soverre hulle nou die geleentheid het om hul volle kapitaal in Desember 2016 te ontvang, in teenstelling met 'n gelyklopende eis wat hulle teen 'n gelijkwiederde entiteit sonder enige bates – buiten 'n eis teen Bosman & Visser – sou gehad het.

14.12. Vraag:

Die R130m verwater die huidige aandeelhouders se aandelewaarde met bykomende laste van R130m wat oor 60 maande terugbetaal moet word.

Reaksie:

Die antwoord op hierdie vraag behoort duidelik te word uit die reaksies wat op die vrae hierbo verskaf is.

Die uitgereikte aandele in HFS 21 het geen handelswaarde gehad op die aanvangsdatum van die ondernemingsreddingsverrigtinge in HFS 21 nie, aangesien HFS 21 op daardie tydstip insolvent was.

As daar nie 'n plan was nie, sou die maatskappy gelijkwieder moes word, en sou die beleggers almal – ongeag of hulle aandele ontvang het of nie – as gewone skuldeisers hul eise teen die maatskappy moes indien vir die opbrengs van wat hulle ook al van Bosman & Visser sou kon terugkry, minus likwidasielaste, soos wat die plan uitstip.

Daar sou geen betaling aan aandeelhouders gewees het nie, en gevolglik geen grondslag waarop beleggers in HFS 21 wat wel aandele ontvang het, sou kon aanvoer dat hulle “afgewater” is nie.

Kortom: hulle sou 'n nuldividend op hul aandeelhouding ontvang het, en nul kan nie afgewater word nie.

Dit is 'n onomwonde feit dat die R130m las van HFS 21 bestaan het, en dat dit deur 'n ondernemingsreddingsproses aangespreek moes word. Daardie partye het regmatige eise teen HFS 21 en moes in die plan geakkommodeer word.

Die byvoeging van 'n bykomende eiendomsportefeulje ter waarde van sowat R1,547,615,103.00 (Een miljard, vyf honderd sewe en veertig miljoen, ses honderd en vyftien duisend, een honderd en drie rand) aan Orthotouch deur Zephan Properties (Eiendoms) Beperk, soos wat die plan bepaal, beteken dat nie net die beleggers in HFS 21 nie, maar beleggers in al sewe ander sindikasiemaatskappye voordeel sal trek uit die potensiële groei in hierdie portefeulje en die toekomstige inkomste wat uit hierdie portefeulje ontvang sal word.

14.13. Vraag:

Hoekom ontvang die oorvoltekende beleggers in HFS 21 hoër rente, synde 9.5% teenoor 6%?

Reaksie:

Daar is hierbo verwys na die reëling wat gegeld het en wat ná die aanbod deur Orthotouch deur die ORP nagekom is.

Die rede waarom die oorvoltekende beleggers 'n hoër dividend sou ontvang omdat hulle in die proses vasgevang is, is vóór die aanvang van die ondernemingsreddingsproses bepaal, en die ORP het nie Orthotouch se motiewe vir die handhawing van die reëling – dat die oorvoltekende beleggers in dieselfde posisie gehou word as waarin hulle kort voor die aanvang van die ondernemingsreddingsverrigtinge was – in twyfel getrek nie.

14.14. Vraag

Hoort die oorvoltekende beleggers in die Orthotouch-ooreenkoms, aangesien hulle voorheen geormerk is om in Growealth geakkommodeer te word?

Reaksie:

Toe die ondernemingsreddingsverrigtinge in HFS 21 begin het, het die oorvoltekende beleggers se eis teen HFS 21 bestaan, en die ORP moes dit hanteer.

Die aanvang van die ondernemingsredding van HFS 21 het waarskynlik die einde beteken van planne soos die “oormerk” van oorvoltekende beleggers om in Growealth geakkommodeer te word. Die ORP dra geen kennis hiervan nie, en hanteer nie Growealth se sake nie.

14.15. Vraag:

Wanneer sal die beleggers in staat wees om twee direkteure vir Orthotouch te “nomineer”?

Reaksie:

Die ORP het die bepaling van die Orthotouch-aanbod, wat hierbo genoem word, ná die aanvang van die verrigtinge van nuuts af onderhandel.

Die ORP het die plan ná ontvangs en heronderhandeling van 'n hersiene aanbod in November 2011 opgestel en gepubliseer.

Nieteenstaande die inhoud van die verklarende deel van die ORP se gepubliseerde plan, bly die Orthotouch-aanbod die bepalende ooreenkoms ná aanvaarding van die plan.

Die Orthotouch-aanbod wat deur die ORP onderhandel is, en meer spesifiek in Bylaag I, bepaal dat die sindikasiemaatskappye daarop geregtig sal wees om twee direkteure aan te stel buiten die direkteure wat in Bylaag I genoem word.

Hoegenaamd geen melding word in die Orthotouch-ooreenkoms gemaak van 'n reg deur enige party om direkteure te nomineer nie. Die ooreenkoms bepaal dat die sindikasiemaatskappye (wat hul beleggers verteenwoordig) direkteure mag aanwys.

Daar is partye wat verkeerdelik reken dat die beleggers twee bykomende direkteure kan aanstel buiten dié wat ingevolge Bylaag I aangestel is.

Indien daar enige onsekerheid bestaan, sal die skrywer – in sy hoedanigheid as die opsteller van die plan – verduidelik wat die ware bedoeling was met die opstel van die spesifieke bewoording wat in die plan vervat word.

Indien dit nodig is, sal die skrywer onomwonde verklaar dat daar geen bedoeling was om toegewings te maak oor iets wat duidelik onderhandel was nie. Met ander woorde, die sindikasiemaatskappye, in die vorm van die ORP met volle bestuursbeheer oor die sindikasiemaatskappye, was geregtig om twee direkteure aan te stel, wat gedoen is en wat hierbo bespreek is.

Daar word beoog om in die belang van deursigtigheid en goeie orde die sindikasiemaatskappye se Algemene Jaarvergaderings (AJV) in Maart 2012 byeen te roep.

Beleggers sal by die AJV gevra word om die aanstelling van die direkteure wat die ORP uit hoofde van sy statutêre mag – om volle bestuursbeheer oor die sindikasiemaatskappye uit te oefen, soos bepaal deur afdeling 140 van die Wet – aangestel het te bekragtig.

14.16. Vraag:

Gaan die ORP die tyd en ruimte hê om dit te doen, en watter reëlins gaan die ORP tref om te verseker dat die geboue se bestuur, inkomste en inligting onder sy beheer is, ten einde te verseker dat die beleggers se belange beskerm word?

Reaksie:

Die verantwoordelikheid om na Orthotouch se belange om te sien, rus op die ou end by sy direksie.

Die ORP gaan in die direksie dien. Die monitering van bestuur, inkomste en inligting is die bestuurskomitee se verantwoordelikheid; hulle sal op hul beurt aan die direksie verslagdoen.

14.17. Vraag:

Wanneer gaan die transaksie stabiliseer om te verseker dat beleggers hul inkomste teen die 7de van elke maand in hul bankrekenings kry, soos wat die ondernemingsreddingsplan bepaal?

Reaksie:

Daar is onderhandelings met verskeie finansiële instellings aan die gang om te verseker dat genoeg finansiële bystand gekry word om Orthotouch in staat te stel om op die heelydse bestuur van die portefeulje te fokus, en nie op die reël van korttermynfinansiering van maand tot maand nie.

Daar word verwag dat die finansiering binne die volgende week of twee verkry sal word, en dat beleggers kan verwag om gereelde, konstante inkomste teen die 7de van elke maand te ontvang sodra dit gebeur.

14.18. Vraag:

Het die Nic Georgiou Trust en Zephan skriftelik onderneem om borg en mede-hoofskuldenaar te wees, soos wat die ondernemingsreddingsplan bepaal? Wie bewaar die dokumentasie?

Reaksie:

Die genoemde entiteite is, uit hoofde van die statutêre bepalings in die Wet, verbind tot die inhoud van die aanvaarde plan, wat mnr N. Georgiou se handtekening as trustee van die trust en die besturende direkteur van Zephan bevat.

Daarby is alle dokumentasie wat uitvoering moet gee aan beoogde borgskappe opgestel en tans besig om onderteken te word.

Die dokumente sal in trust gehou word by 'n prokureursfirma of by enige party wat die ORP vir daardie doel aanwys.

14.19. Vraag:

Wat is die ORP se skatting van die tydsbestek vir die registrasie van die geboue se oordrag, en watter fondse gaan gebruik word om die proses te befonds?

Reaksie:

Geen spesifieke tydsbestek is vasgestel nie, aangesien die besonderhede van die klaringstifikate wat vir die 77 eiendomme benodig word, nog nie bekend is nie. Die proses kan heel geredelik tot 24 maande lank duur.

Die befondsing van die oordragkoste sal volgens die transaksiebepalings die koper, Orthotouch, se verantwoordelikheid wees. Die verkryging van hierdie befondsing vorm deel van Orthotouch se direkteur en bestuur se verantwoordelikheid.

14.20. Vraag:

Is die vyf lede van die bestuurskomitee aangestel, en wie is hulle?

Reaksie:

Die proses om die bestuurskomitee aan te stel en te finaliseer is aan die gang. Die partye wat in daardie komitee sal dien, sal tydens hul eerste formele vergadering op die 22ste Februarie 2012 aan Orthotouch se direksie voorgestel word.

14.21. Vraag:

Het die ORP enige geboue onder verband gebring as sekuriteit vir die na-aanvangsfinansiering wat sedert die aanvang van die ondernemingreddingsproses verkry is?

Reaksie:

Die Wet maak voorsiening dat die maatskappy tydens sy ondernemingreddingsverrigtinge finansiering kan verkry, en dat sodanige finansiering aan die lener gewaarborg kan word deur enige bate van die maatskappy te gebruik tot die mate dat dit nie andersins beswaar is nie, en dat dit betaal sal word in die volgorde van voorkeur soos dit in die Wet uiteengesit is.

Die lening wat aangegaan is ná die aanvang van die ondernemingreddingsproses is aangegaan tussen Zephan Properties (Edms) Bpk en 'n finansiële instelling, en nie direk tussen die ORP en die finansiële instelling nie. Die ORP was verplig om die sindikasiemaatskappye as borg te verbind.

Uit hoofde van die Wet se bepalings oor na-aanvangsfinansiering en die feit dat finansiële verbintenisse wat deur die ORP aangegaan word voorrang geniet bo alle ander eise teen die maatskappy wat vóór ondernemingredding bestaan het, volg dit dat die beswaring van die sindikasiemaatskappye deur borgstelling voorrang sal geniet indien die maatskappye se lenings vereffen moet word, en dat die vereffening van hierdie lenings vóór enige voorafbestaande eise sal moet plaasvind.

Die plan maak egter daarvoor voorsiening dat Zephan 'n bykomende eiendomsportefeulje ter waarde van sowat R1,547,615,103.00 (Een miljard, vyf honderd sewe en veertig miljoen, ses honderd en vyftien duisend, een honderd en drie rand) by Orthotouch voeg.

Dit beteken dat die beswaring van daardie eiendomme wat deur Zephan bygevoeg word, sowat R1.1 miljard beloop en wat Zephan se na-aanvangsverpligtinge insluit, in elk geval in die toekoms deel van Orthotouch se laste sal wees.

14.22. Vraag:

Watter ander alternatiewe het die ORP ondersoek voordat die plan gepubliseer is? Die naam van 'n party soos Pathfinder is genoem?

Reaksie:

Verskeie partye het die ORP sedert die aanvang van die verrigtinge genader om aanbiedinge of voorleggings te doen.

Een van hierdie partye was 'n groep genaamd Pathfinder, wie se verteenwoordigers die ORP in die tweede week van Oktober 2011 kom spreek het. Die transaksie wat hulle voorgestel het, het die vestiging van 'n groter eiendomsportefeulje behels, wat eiendomme sou insluit wat nie op daardie tydstip onder die ORP se beheer was nie.

Die voorstel is aan hierdie partye gemaak om die rolspelers buite die sakeproses te betrek met die doel om hierdie partye se konsensus te verkry vir die vestiging van hierdie groter portefeulje.

Gesprekke is met sommige partye gevoer, en mondelinge terugvoer is van tyd tot tyd aan die ORP verskaf.

'n Paar dae voor die plan gepubliseer sou word, is skriftelike korrespondensie tussen die geïnteresseerde party en 'n derde party na die ORP aangestuur.

Buiten die Orthotouch-aanbod is geen alternatiewe skriftelike voorstel wat aanvaarbaar was vir die geaffekteerde persone, soos deur die Wet omskryf, of vir hul verteenwoordigers betyds, vóór 30 November 2011, aan die ORP voorgelê wat die ORP vir publikasie in die ondernemingreddingsplan, soos kragtens die Wet bepaal, kon insluit nie.

14.23. Vraag:

Hoe kan beleggers in die toekoms met Orthotouch kommunikeer?

Reaksie:

Orthotouch is nog besig om 'n kantoor tot stand te bring, en 'n webwerf sal binnekort gefinaliseer word.

Telkom is besig om die installasie van nuwe telefoonlyne te finaliseer.

Die lyne behoort binne die volgende paar dae geïnstalleer te word. Beleggers kan 011 262 3833 / 3853 skakel.

14.24. Vraag:

Hoekom was Pickvest nog betrokke ná aanvaarding van die plan, en hoekom het JPA Administration nie onmiddellik betrokke geraak toe die plan aanvaar is nie?

Reaksie:

JPA was nie in staat of bereid om die re-usebelegging in infrastruktuur, rekenaartoerusting en die nodige sagteware te maak, tensy die plan wat die Orthotouch-aanbod ingesluit het, aanvaar is nie.

Totdat die plan aanvaar is, het JPA hierdie funksies aan PIC Admin en Pickvest subkontraakteer.

Noudat die plan aanvaar is, is JPA in die proses om die nodige reëlings te tref om die nodige infrastruktuur te skep.

14.25. Vraag:

Volgens die ORP se mening, wat is die uitwerking van die plan se aanvaarding deur die statutêre meerderheid beleggers op die algemene groep beleggers?

Reaksie:

Die ORP is van mening dat die uitwerking van die plan se aanvaarding is dat beleggers se regte geherstruktoreer is.

Afdeling 155 (4) van die Wet maak daarvoor voorsiening dat die plan bindend is vir die maatskappye en vir elk van die krediteure van die maatskappye, ongeag of die betrokke persone teenwoordig was by die vergadering of nie.

Neem asseblief kennis dat dit 'n statutêre bepaling is, en dat dit derhalwe nie nodig is om 'n Hofbevel of enige ander vorm van dokument of ooreenkoms te kry om te verseker dat die plan se inhoud finaal en bindend vir alle beleggers is nie. Die plan is dus finaal en bindend kragtens die Wet, soos hierbo genoem.

Die Orthotouch-aanbod, in samehang met die bepalings van die plan, maak soos volg voorsiening vir die herstrukturering van beleggers se regte by aanvaarding van die plan:

- *Die reg om rente van die sindikasiemaatskappye te ontvang, wat maandelikse rente van Orthotouch sal ontvang.*
- *Beleggers se regte word geherstruktureer in soverre hul eise nie meer teen die sindikasiemaatskappye is nie, maar Orthotouch sal hul kapitaal op die vyfde herdenking van die plan se aanvaardingsdatum betaal.*

14.26. Vraag:

Volgens die ORP se mening, wat is die uitwerking van die plan se aanvaarding deur die statutêre meerderheid beleggers op die sindikasiemaatskappye?

Reaksie:

Die ORP is van mening dat die uitwerking van die plan se aanvaarding is dat die sindikasiemaatskappye se regte geherstruktureer is.

Direk voor die plan se aanvaarding het die sindikasiemaatskappye moontlike eise teen B&V Beperk gehad vir:

die oordrag van die eiendomme of, alternatiewelik,

die terugbetaling van die geld wat aan B&V betaal is.

Deur die plan te aanvaar het die sindikasiemaatskappye hul regte onherroeplik gewysig deur die bepalinge van die Orthotouch-aanbod te aanvaar.

Volgens die ORP se mening het die sindikasiemaatskappye se eise teen B&V ingevolge die Orthotouch-aanbod verdwyn, aangesien al die eiendomme waarvoor die maatskappye betaal het, na Orthotouch toe oorgedra gaan word.

Die gevolg hiervan is dat die sindikasiemaatskappye nie meer in 'n posisie gaan wees om enigiets van enige derde partye te eis nie, aangesien beleggers nie meer enige eise teen die sindikasiemaatskappye gaan hê nie.

Die sindikasiemaatskappye sal moet bewys dat hulle verliese gely het, wat onmoontlik sal wees om te bewys onder omstandighede waar beleggers nie meer eise teen die sindikasiemaatskappye het nie.

Ingevolge die Orthotouch-aanbod (sien klousule 8.2 daarvan), word eise deur die sindikasiemaatskappye teen B&V in elk geval aan Orthotouch oorgemaak.

14.27. Vraag:

Volgens die ORP se mening, wat is die uitwerking van die plan se aanvaarding deur die statutêre meerderheid beleggers op Orthotouch?

Reaksie:

Orthotouch het twee verpligtinge ingevolge die plan en hul aanbod:

- *Om maandeliks rente aan die sindikasiemaatskappye te betaal;*
- *Om beleggers se kapitaal aan hulle te betaal op die vyfde herdenking van die plan se aanvaardingsdatum.*

Die oormaking waarvoor klousule 8.2 van die Orthotouch-aanbod voorsiening maak (m.a.w. die oormaking van eise wat die sindikasiemaatskappye moontlik teen derde partye kan hê) (wat nie meer bestaan nie, soos hierbo verduidelik) verval indien Orthotouch versuim om sy verpligtinge ingevolge die bepalinge van die Orthotouch-aanbod na te kom, en in gebreke bly om sodanige versuim binne die tydsebestek waarvoor die plan voorsiening maak, reg te stel.

Wat die sindikasiemaatskappye betref, sal Orthotouch kontrakbreuk pleeg indien die maandelikse rentebetalinge nie betyds gedoen word nie, en indien hulle in gebreke bly om sodanige versuim binne die 14 dae tydperk waarvoor die bepalinge van die plan en die ooreenkoms voorsiening maak, reg te stel.

Orthotouch moet behoorlike beheer verseker, byvoorbeeld die voorbereiding van finansiële state soos omskryf in die Orthotouch-ooreenkoms, en as hulle in gebreke bly om in hierdie verband te presteer kan dit ook gesien word as versuim wat binne 30 dae reggestel moet word.

14.28. Vraag:

Is daar 'n "uitklimplan" vir beleggers wat in finansiële nood is en dringende tekorte het?

Reaksie:

Die Direksie van Orthotouch het besluit om die volgende paar maande dringend aan hierdie saak aandag te gee, sodra hul sakeplan gefinaliseer is.

15. Ons vertrou dat die inhoud van hierdie dokument beter begrip en meer insig in die huidige situasie bied. Indien enige verdere vrae ontstaan, sal sulke vrae deur soortgelyke kommunikasiemiddele, wat van tyd tot tyd aan alle geaffekteerde persone gerig sal word, aangespreek word.

16. Die situasie het vereis dat alle geaffekteerde persone geduld aan die dag moet lê totdat alle strukture geskep kon word om te verseker dat Orthotouch se sake doeltreffend bestuur kan word. Ons vra u om in u eie belang hierdie proses toe te laat om te stabiliseer, al bevind u uself in 'n moeilike situasie.

Die uwe

J F KLOPPER

Ondernemingsreddingspraktisyn vir Highveld-sindikasiemaatskappye